Voorwoord

My rugbyloopbaan het op ses begin. Kaalvoet op Sasolburg. Ek onthou een van my eerste wedstryde op agsteman vir my skool AJ Jacobs. My oom het kom kyk en my R1 beloof vir elke drie wat ek druk. My spanmaats het my wel ná die wedstryd as selfsugtig uitgekryt, maar hoewel ek snoep met die bal was, het ek genoeg geld gehad om vir hulle lekkers en roomys te koop. Ek onthou die derby-dae... die old boys, die tannies wat vetkoek verkoop, die pa's en ma's wat van die kantlyn af skree, nie altyd mooi seker van hoe die reëls werk nie...

Die spel het my waardes geleer. Rugby bring waardes beter as enige onderwyser of ouer tuis. Dit leer jou hoe om te wen, hoe om te verloor, en hoe om as span saam te werk. Jy moet fiks wees, en fiksheid verg toewyding en die aanhang van 'n goeie waardestelsel. Dalk keer niemand jou as jy agter die pawiljoen wegkruip as die breier sê jy moet om die veld hardloop nie, maar die manne wat kortpad vat, val altyd uit. Jy moet jou respek verdien. Ek het saam met én teen manne gespeel wat meer talentvol as ek was, maar nie altyd so toegewyd nie.

Eerste Nasionale Bank is toegewyd om steeds woord by daad te voeg, en betrokke te bly by talle sportsoorte oor die hele land. En wanneer dit by rugby kom en die groot derby op die dorp aanbreek, is die mense van die FNB-tak daar om by die skool betrokke te raak. Die geesdriftige ouers is natuurlik ook daar om boereworsrolletjies by die snoepie te verkoop, trots op hulle seuns op die veld. Daar heers altyd 'n goeie atmosfeer, en dis lekker om van iets deel te wees wat groter as mensself is.

'n Besondere plesiertjie van 'n derby is daardie ses, sewe rye ondersteuners op die pawiljoen, oudleerline, vriende en familie, geesdriftig oor 'n 4de-span wedstryd. Dít is respek. Dit gaan nie net oor rugby nie, maar ook oor die samesyn van mense wat in dieselfde skool grootgeword het. Die onderwyser wat jou laat detensie sit het, klop jou nou op die skouer. En sodra die wedstryd klaar is, SMS jy die eindtelling aan jou vriend aan die anderkant van die aardbol.

Eerste Nasionale Bank fokus nie net op die groot wedstryde, die top-derbies en die spanne met die grootste steun nie. Ons raak betrokke waarookal mense hartstogtelik oor hul rugby is. Ons is by die Interskole tussen Boishaai en Paarl Gim saam met 24 000 ander entoesiaste, en ons is by die derby tussen Klein Nederburg en New Orleans waar ons saam met 15 000 mense ons longe uitskreeu. Ons ondersteun ook die kragmeting tussen Bergrivier en Weltevrede in Wellington, net so meegevoer soos enige een van die 10 000 rugbygeesdriftiges, en dan kombineer ons 'n span van hierdie twee skole en sit hulle op 'n vliegtuig om aan 'n rugbyfees in Johannesburg deel te neem. As die seuns daar opdaag is hul senuagtig, maar kort voor lank leer hulle hoe om hul groter opponente ore aan te sit! Daarna gaan ons na Zwide, 'n township in Oos-Londen, waar die seuns met soveel oorgawe speel dat ons hulle voor 'n wedstryd moet kalmeer. Vir die seuns is dit oorlog.

Eerste Nasionale Bank is trots op sy betrokkenheid by skolerugby. En Derby Day is 'n jubelende viering van die gees van skoolrugby, wanneer dertig seuns saam én teenmekaar op 'n veld te staan kom, oppad na manwees toe. Suid-Afrikaners kan met reg trots wees op ons unieke sportlandskap, wat in wedywer en tradisie deurtrokke is.

— Francois Pienaar